# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120

Omsendbrief 9 van 2023

09 Maart 2023

Geagte Ouers

**1. <u>DAGROOSTER: 13 MAART - 17 MAART 2023</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 6 |
| Dinsdag | - | Dag 1 |
| Woensdag | - | Dag 2 |
| Donderdag | - | Dag 3 |
| Vrydag | - | Dag 4 |



2. **<u>ATLETIEK</u>**

Baie geluk aan al die atlete wat aan die Mpumalanga-kampioenskappe deelgeneem het. Die volgende leerlinge het almal medaljes tydens die byeenkoms ontvang: CJ van Heerden – 1ste in verspring, Giann Wessels – 1ste in 1500m en Lee-Ann Lewis – 3de plek in verspring. Mooi so julle!!

Baie geluk ook aan die boonste 3 leerlinge wat ingesluit is in die Mpumalangaspan wat **aan die SA-kampioenskappe in Pietermaritzburg op 19 – 21 Maart 2023 gaan** deelneem.

3. **<u>FOTO'S</u>**

**<u>Ons sal die sluitingsdatum vir die bestel van foto's in die 2de kwartaal deurgee.</u>**

.

4. **<u>SKOOLTYE</u>**

Die skool sluit ***<u>op Vrydag, 10 Maart om 12:00</u>*** a.g.v. die rugby en netbal in Tzaneen.

5. **<u>BEHEERLIGGAAMVERKIESING</u>**

Die tussenverkiesing op 6 Maart 2023 kon nie plaasvind nie omdat daar nie 'n kworum ouers van 15% teenwoordig was nie. Die regulasie bepaal dat die herverkiesing dus weer op Maandag,13 Maart 2023 om 18:00 moet plaasvind. Dan hoef daar nie 'n kworum te wees nie. Ons doen 'n vriendelike beroep op die ouers om asseblief te kom stem. Stemming sal in die saal plaasvind.

6. **<u>NETBAL – KRINGPROEWE</u>**

Die LSL-kringproewe vir die 0/12 & 0/13 netbaldogters vind plaas op Woensdag, 12 Maart en Donderdag, 13 Maart 2023. Betrokke dogters sal briewe ontvang.

8. **SPORTTOERE**

Die volgende netbal- en rugbytoere vind plaas op die onderstaande datums:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rugby & Netbal: | 0/9 - 0/13 | Tzaneen/Phalaborwa | 10 - 11 Maart |
| Netbal: | 0/13A | Sun City | 17 - 20 Maart |
| | 0/10 - 0/12 (A&B) | Middelburg | 20 - 21 Maart |
| | 0/13B | Middelburg | 20 - 21 Maart |
| Netbal: | 0/13A | Sportisimo | 04 - 06 April |
| Rugby: | 0/9 & 0/10 | Tzaneen | 17 - 18 Maart |
| | 0/11 & 1ste span | Pionier | 22 - 25 Maart |

Ons wens julle alle sterkte toe en geniet die toer.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**

